# MIDSTREAM COLLEGE

**Omsendskrywe 3/2024**
**22 Februarie 2024**

## SKOOLSAKE

### UIT DIE HOOF SE KANTOOR



*You can really only enjoy life when you are extremely busy.*
*Josephine de La Baume*

In die lig van hierdie aanhaling glo ek dat ons leerders, ouers en onderwysers waarlik die eerste vyf weke van die skooljaar terdeë geniet het. Die College se onderskeie kultuurprogramme is voluit aan die gang en die akademie vuur op al sy silinders. Insgelyks was dit tot dusver 'n bedrywige sportkwartaal. Die laaste krieketwedstryde word hierdie week gespeel, die meisietennis, ruitersport en muurballigas is in volle swang en daar is groot afwagting vir die interhoëratletiek van môre (Vrydag). Baie sterkte aan al die atlete, asook toeskouers – gaan geniet die dag, geleenthede soos hierdie bly 'n voorreg.

*Swimming has its educational value - mental, moral, and physical - in giving you a sense of mastery over an element, and of power of saving life, and in the development of wind and limb.*
*Robert Baden-Powell*

Ek wil graag die lof van ons swemspan besing wat die feitlik onmoontlike vermag het deur die A-bondinterhoër te wen. Nie alleen was ons algeheel eerste in die spankompetisie nie, maar ons meisieswemmers het ook met die louere weggestap. Geluk, en 'n groot woord van dank aan elke swemmer, ouer en onderwyser wat ure in en om die swembad deurgebring het. Julle het in die woorde van die aanhaling hierbo voorwaar ontwikkel en jul kuns bemeester. Volledige uitslae en 'n lys van medaljewenners volg later in die nuusbrief.

Die College-ouerforum het verlede week vergader, en ek bedank opnuut die ouers wat bereid is om hierop te dien. Die nuutste weergawe van ons *Diversity and Inclusion*-beleid asook die leerdergids is op ons webblad beskikbaar. Ek nooi leerders opnuut uit om enige voorval waar hulle benadeel of uitgesonder word, hetsy in persoon of op sosiale platforms onder ons aandag te bring. Gebruik gerus enige van die vele beskikbare kanale.

## INTERHOËRATLETIEK

Neem kennis van die volgende reëlings vir môre:

1. Toeskouers (nie-atlete) vergader om 08:00 in die vierkant.
2. Leerders dra somersdrag (geen baadjies of dasse).
3. Alle skoolreëls geld.
4. Leerders het reeds 'n lys van benodigdhede vir die dag ontvang.
5. Busvervoer na en vanaf Pilditch-stadion is verpligtend.
6. Leerders sal slegs toegelaat word om die terrein te verlaat, indien die nodige reëlings, per e-pos, teen Donderdag 22 Februarie 2024, met die graadhoofde getref is.
7. Ouers word versoek om hierdie leerders by die Pilditch-hoofhek te kom haal – geen Uber-vervoer sal toegelaat word nie.
8. Personeel sal nie tydens die byeenkoms beskikbaar wees om leerders, wat nie vooraf die nodige reëlings getref het, uit te teken nie.
9. Die verwagte aankomstyd by Midstream College is na 20:00.

# AKADEMIE

## EKSTRA KLASSE

'n Herinnering dat alle personeellede per afspraak op Maandae van 14:00 tot 15:00 beskikbaar is om leerders met akademiese navrae te help.

## VAKKEUSE VIR GRAAD 10 (2025)

U kind se finale vakkeuse, wat noodwendig by sy/haar latere studierigting en beroepskeuse aansluit, is waarskynlik een van die belangrikste keuses in sy/haar lewe. 'n Verkeerde keuse lei tot ongemotiveerdheid en onderprestasie. Benewens die fokus in die graad 9-LO-kurrikulum, het die skool ook dr Mari Laas (mari@careercounsel.co.za), me Elsabé Botha (elsabe@embotha.co.za) en me Leonie Taljard (info@leonietaljard.co.za) se dienste bekom om die toepaslike toetse saam met die leerders wat belangstel, af te lê. Die volledige assessering sluit toetse in om aanleg, belangstellings en werksetiek te bepaal. Na afloop van hierdie assessering sal u kind 'n omvattende verslag op grond van die resultate ontvang, insluitend aanbevelings rakende die keuse van vakke. Hierdie terugvoer sal per afspraak plaasvind. Daarbenewens sal 'n lys van moontlike loopbane, volgens die kind se belangstellingsprofiel, ook ingesluit word om as riglyn te dien.

Kontak hulle asseblief per e-pos, indien u hierdie dienste wil bekom. As verwysing, gebruik u Midstream en u kind se naam en van. Die koste vir hierdie diens is direk aan die diensverskaffer betaalbaar. U is ook welkom om 'n diensverskaffer van u keuse te gebruik.

Ons vakkeuse-inligtingsaand is op 15 Augustus. U kind se finale vakkeuses moet teen Maandag 19 Augustus ingehandig wees.

# KULTUUR

## INTERNE REDENAARS – AFRIKAANS HUISTAAL

Die volgende leerders is as graadwenners aangewys:

| Impromptu-toespraak | | | |
|---|---|---|---|
| | 3de Plek | 2de Plek | 1ste Plek |
| **Graad 8** | Lize Venter | Lauren Kriel | Anika Alberts |
| **Graad 9** | Lyla van der Spuy | Milan Pöhl | Lisa Rautenbach |
| **Graad 10** | Renate Barnard | Lin-Mari Rudolph | Lené Liebenberg |
| **Graad 11** | Katinka Rhoodie | Renate Maré | Tiana Swart |
| **Graad 12** | Karla Alberts | Kristen Knoetze | Cara-Renette Ponting |

| Voorbereide Toespraak | | | |
|---|---|---|---|
| | 3de Plek | 2de Plek | 1ste Plek |
| **Graad 8** | Beyers Pretorius | Zandri Keulder | Anika Alberts |
| **Graad 9** | Ivan Kymdell | Elana Jordaan | Lisa Rautenbach |
| **Graad 10** | Lourens Janse van Rensburg | Megan le Roux | Lené Liebenberg |
| **Graad 11** | Anika Malan & Katinka Rhoodie | Tiana Swart | Lente Groenewald |
| **Graad 12** | Kristen Knoetze | Xander Senekal | Mieke Combrinck |

## INTERNE REDENAARS – AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

| Impromptu-toespraak | |
|---|---|
| | 1ste Plek |
| **Graad 9** | Adam Marincowitz |
| **Graad 10** | Duné Janse van Rensburg |
| **Graad 12** | Sedibana Ngoasheng |

| Voorbereide Toespraak | | |
|---|---|---|
| | 2de Plek | 1ste Plek |
| **Graad 9** | Sibusise Mabase | Adam Marincowitz |
| **Graad 10** | | Celeste Marx |
| **Graad 11** | Kamo Mokoene | Dayuri Moopanar |
| **Graad 12** | | Sedibana Ngoasheng |

## ERKENNING VAN NIE-SKOOLKULTUUR

Ons wil graag erkenning gee aan leerders wat in nie-skoolkultuuraktiwiteite uitblink. U is welkom om enige bewys, inligting en sertifikate aan die hoof van kultuur, dr Steyn de Bod (sdebod@midstreamcollege.co.za) te stuur.

**PRESIDENTSTOEKENNING**

Baie geluk aan Conner Liebenberg wat 'n goue toekenning ontvang het nadat hy al die vereistes van die Presidentstoekenning suksesvol voltooi het.

# SPORT

## SWEM

Ons swemspan het verlede Dinsdag geskiedenis gemaak deur die Interhoër A-liga by Hillcrest vir die eerste keer in ons skool se geskiedenis te wen.

Die finale uitslag was as volg:

| Skool | Punte |
|---|---|
| **Midstream College** | **899** |
| Menlopark | 789 |
| Garsfontein | 606 |
| Zwartkop | 603 |
| Cornwall Hill College | 602 |
| Curro Hazeldean | 591 |
| AHS | 513 |
| PBHS | 474 |
| AHMP | 474 |
| PHGS | 227 |

Ons meisiespan het 'n verstommende eerste plek behaal en ons seunspan het self nie agtergebly met hulle algehele derde plek nie. Ons swemmers het 37 individuele medaljes (8 goud, 15 silwer en 14 brons), asook 3 goue-, 6 silwer- en 5 brons medaljes met die aflosse verower.

Adrian van Wyk het twee rekords verbeter en Lance Cromhout een. Adrian van Wyk is ook as die Senior Victor Ludorum aangewys is.

Die volgende swemmers was medaljewenners:

| Interhoër | |
|---|---|
| **Naam** | **Prestasie** |
| Kylie de Bruyn | 1ste 200 m-vryslag<br>1ste 50 m-vlinderslag |
| Lizelle Venter | 2de 100 m-vryslag<br>3de 50 m-rugslag |
| Kylie de Bruyn, Lizelle Venter, Ané Claassen & Lika van der Merwe | 3de 4 x 50 m-wisselslagaflos<br>3de 4 x 50 m-vryslagaflos |
| Sebastiaan Struwig | 3de 50 m-rugslag |
| Abigail Roberts | 1ste 50 m-vlinderslag<br>2de 200 m-IM<br>3de 50 m-borsslag |
| Lyla van der Spuy | 2de 100 m-rugslag<br>2de 50 m-rugslag |
| Annabell Sirrals | 3de 100 m-vryslag |
| Abigail Roberts, Lyla van der Spuy, Annabell Sirrals & Caitlin Camacho | 2de 4 x 50 m-wisselslagaflos<br>2de 4 x 50 m-vryslagaflos |

| | |
|---|---|
| Juan Pretorius | 2de 200 m-individuele wisselslag<br>2de 50 m-borsslag<br>3de 100 m-borsslag |
| Juan Pretorius, Nicholas Cownie, Ivan Kymdell & Rupert Groenewald | 2de 4 x 50 m-wisselslagaflos<br>3de 4 x 50 m-vryslagaflos |
| Grace Powell | 2de 100 m-vryslag<br>3de 100 m-vlinderslag |
| Jana Swiegers | 1ste 100 m-rugslag<br>2de 50 m-vlinderslag |
| Alika van der Merwe | 3de 100 m-borsslag |
| Grace Powell, Jana Swiegers, Alika van der Merwe & Lindi Claassen | 1ste 4 x 50 m-wisselslagaflos<br>1ste 4 x 50 m-vryslagaflos |
| Adrian van Wyk | 1ste 200 m-vryslag<br>1ste 100 m-vryslag (rekord)<br>1ste 100 m-rugslag (rekord) |
| Paul Loubser | 2de 50 m-vlinderslag<br>3de 100 m-borsslag |
| Rouxné du Plessis | 2de 100 m-rugslag<br>3de 100 m-vryslag |
| Rouxné du Plessis, Rii Spoelstra, Deoné du Plessis & Christelle Struwig | 1ste 4 x 50 m-vryslagaflos<br>2de 4 x 50 m-wisselslagaflos |
| Xander du Toit | 3de 200 m-individuele wisselslag<br>3de 100 m-borsslag<br>3de 100 m-vlinderslag |
| Lance Cromhout | 1ste 100 m-rugslag (rekord)<br>2de 100 m-vryslag |
| Lance Cromhout, Xander du Toit, Ruben Pöhl & Ethan Koen | 2de 4 x 50 m-wisselslagaflos |
| Jemma van Wyk | 2de 100 m-vryslag<br>2de 100 m-rugslag<br>3de 200 m-vryslag |
| Demi Jacobs | 2de 100 m-individuele wisselslag<br>2de 100 m-borsslag<br>3de 50 m-vlinderslag |
| Jemma van Wyk, Demi Jacobs, Lea Manikas & Lemé Lubbe | 2de 4 x 50 m-vryslagaflos<br>3de 4 x 50 m-wisselslagaflos |

Ons is ongelooflik trots op ál ons swemmers wat deel was van hierdie spanpoging.

## KRIEKET

| 1ste | | |
|---|---|---|
| Montana | Midstream 136/6<br>Montana 133/5<br>Wen met 3 lopies | Maarten Nortjé 35<br>Conré van den Berg 30<br>Jonathan Wiseman 2/17 in 4 beurte |
| Zwartkop | Midstream 108/10<br>Zwartkop 109/5<br>Verloor met 5 paaltjies | Ryan Strauss 26<br>Jonathan Wiseman 3/30 in 8.3 beurte |

| | | |
|---|---|---|
| Marais Viljoen | Midstream 222/10<br>Marais Viljoen 210/10<br>Wen met 12 lopies | Janco van Heerden 46 & 5/26 in 9.1 beurte<br>Rikus Cilliers 4/44 in 8 beurte |
| **2de** | | |
| Sutherland 1 | Sutherland 135/6<br>Midstream 136/5<br>Wen met 3 paaltjies | Ryan Strauss 75 n.u.n.<br>Henré Esterhuizen 27 n.u.n. |
| Waterkloof 4 | Midstream 163/4<br>Waterkloof 130/9<br>Wen met 33 lopies | Louis Verhoef 50 n.u.n.<br>Conré van den Berg 32 n.u.n.<br>Schalk Langenhoven 3/6 in 4 beurte |
| **o. 15A** | | |
| Zwartkop | Zwartkop 131/10<br>Midstream 121/10<br>Verloor met 10 lopies | Ruben Howatt 5/9 in 6 beurte |
| Marais Viljoen | Midstream 183/7<br>Marais Viljoen 149/10<br>Wen met 34 lopies | Tehan Maré 54 and 3/18 in 6 beurte<br>Matthew Wiggill 3/47 in 8 beurte |
| **o. 15B** | | |
| Montana | Midstream 122/3<br>Montana 120/8<br>Wen met 3 lopies | Christiaan du Toit 35<br>Moyahabo Machaba 3/13 in 4 beurte<br>Edrique Laubscher 3/11 in 4 beurte |
| AHS | Midstream 64<br>AHS 13/3<br>Geen uitslag as gevolg van weer | Christiaan du Toit 23<br>Moyahabo Machaba 1/8 in 2 beurte<br>Edrique Laubscher 2/5 in 2.2 beurte |
| **o. 14A** | | |
| Hans Moore | Midstream 217/5<br>Hans Moore 60/10<br>Wen met 157 lopies | David van der Vyver 79<br>Hanro de Villiers 41 |
| Oos-Moot | Oos-Moot 73/9<br>Midstream 76/3<br>Wen met 7 paaltjies | Rikus Holtzhausen 3/11 in 4 beurte<br>Keegan Gibson 28 n.u.n. |
| **o. 14B** | | |
| Oos-Moot | Midstream 142/7<br>Oos-Moot 97/10<br>Wen met 45 lopies | Giovan Rodi 74<br>Etjan Genis 5/19 in 4 beurte |
| AHS (o. 14F) | Midstream 105/7<br>AHS 107/4<br>Verloor met 6 paaltjies | Etjan Genis 26 n.u.n. & 2/17 in 3 beurte |

Ons is trots op die o. 15A-span wat hierdie afdeling van die Finsbury-reeks wen. Saam met die eerste span het Midstream algeheel tweede geëindig.

## ATLETIEK

Die atletiekseisoen bereik môre ‘n hoogtepunt met die A-bondinterhoër op Pilditch-stadion.

Die uitslae van die afgelope twee weke is as volg:

| Eldoraigne Elite-aflosbyeenkoms | | |
|---|---|---|
| 4 x 100 m-aflos | | |
| **Ouderdom** | **Plek** | **ASA-punte** |
| Meisies 14 | 4de | 702 |
| Seuns 14 | 2 de | 741 |
| Meisies 15 | 6de | 701 |
| Seuns 15 | 3de | 752 |
| Seuns 16 | 5de | 782 |
| Meisies 17 | 6de | 713 |
| Seuns 17 | 5de | 790 |
| Meisies 19 | 3de | 746 |
| Seuns 19 | 8ste | 782 |
| **Sweedse aflos** | | |
| Meisies 19 | 4de | 792 |
| Seuns 19 | 4de | 815 |

Midstream eindig vierde.

Individuele prestasies (ASA-tabel bo 800):

| Hoërskool Noordheuwel Top-15 | | | |
|---|---|---|---|
| **Atleet** | **Ouderdomsgroep** | **Item** | **ASA-punt** |
| Amy Nel | Meisies 15 | Gewigstoot | 824 |
| | | Diskus | 870 |
| CA Froneman | Seuns 17 | 110 m-hekkies | 813 |
| Neil de Vleeschauwer | Seuns 17 | Diskus | 814 |

Individuele prestasies (ASA-tabel bo 800):

| Tuisbyeenkoms | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Atleet** | **Afdeling** | **Item** | **ASA-punt** | **Nuwe rekord** |
| Kwena Mojapelo | Seuns 14 | 200 m | 829 | |
| Lené Greyling | Meisies 14 | 90 m-hekkies | 920 | ✓ |
| | | 300 m-hekkies | 810 | |
| Amy Nel | Meisies 15 | Gewigstoot | 842 | |
| | | Diskus | 884 | ✓ |
| Lizé Buys | Meisies 15 | 90 m-hekkies | 821 | |
| Carmia van den Berg | Meisies 15 | 800 m | 812 | ✓ |
| Neil de Vleeschauwer | Seuns 17 | Diskus | 841 | |
| CA Froneman | Seuns 17 | 110 m-hekkies | 883 | ✓ |
| Anika le Roux | Meisies 19 | 100 m-hekkies | 813 | ✓ |
| Xavier van der Leek | Seuns 19 | 1 500 m | 828 | ✓ |

Die volgende atlete het ook rekords verbeter:

| Atleet | Afdeling | Item |
|---|---|---|
| Gabrielle Groenewald | Meisies 14 | Hoogspring |
| Carmia van den Berg | Meisies 15 | 1 500 m |
| Danielle Rossouw | Meisies 19 | 400 m |
| Xavier van der Leek | Seuns 19 | 1 500 m |

Individuele prestasies (ASA-tabel bo 800):

| AGN-liga 3 | | | |
|---|---|---|---|
| **Atleet** | **Afdeling** | **Item** | **ASA-punt** |
| Kwena Mojapelo | Seuns 14 | 200 m | 829 |
| Lené Greyling | Meisies 14 | 300 m-hekkies | 804 |
| Amy Nel | Meisies 15 | Gewigstoot | 827 |
| | | Diskus | 877 |
| Zack Reddy | Seuns 16 | 400 m | 820 |
| Déan Fourie | Seuns 17 | 1 500 m | 826 |

Die Curro Podium is 'n nasionale kompetisie waaraan die top-14-seuns en -meisies deelneem. In die finaal het die meisies elfde geëindig en die seuns sesde. Die span het saam algeheel vyfde geëindig. Dit is 'n merkwaardige prestasie as in ag geneem word dat daar 50 deelnemende skole was.

Individuele prestasies (ASA-tabel bo 800):

| Curro Podium-finaal | | | |
|---|---|---|---|
| **Atleet** | **Afdeling** | **Item** | **ASA-punt** |
| Kwena Mojapelo | Seuns 14 | 100 m | 893 |
| | | 200 m | 839 |
| Aquina de Vries | Meisies 14 | 200 m | 826 |
| Lené Greyling | Meisies 14 | 90 m-hekkies | 927 |
| | | 300 m-hekkies | 834 |
| Azariah Madumo | Meisies 14 | 800 m | 824 |
| | | 3 000 m | 824 |
| Anri Pretorius | Meisies 15 | 300 m-hekkies | 809 |
| Aphelele Mbatsha | Meisies 15 | 100 m | 854 |
| | | 200 m | 842 |
| Amy Nel | Meisies 15 | Diskus | 860 |
| Carmia van den Berg | Meisies 15 | 800 m | 832 |
| | | 3 000 m | 866 |
| Caitlin Arendse | Meisies 15 | 3 000 m | 814 |
| Ethan Mahlangu | Seuns 15 | 100 m | 812 |
| | | 200 m | 809 |
| Lente Groenewald | Meisies 17 | 800 m | 880 |
| CA Froneman | Seuns 17 | 110 m-hekkies | 836 |
| Déan Fourie | Seuns 17 | 1 500 m | 810 |
| Sandile Modise | Seuns 17 | 200 m | 857 |
| Lea Manikas | Meisies 19 | 200 m | 837 |
| Danielle Rossouw | Meisies 19 | 800 m | 855 |
| Anika le Roux | Meisies 19 | 100 m-hekkies | 859 |
| | | 400 m-hekkies | 844 |
| Xavier van der Leek | Seuns 19 | 1 500 m (rekord) | 930 |
| | | 3 000 m (rekord) | 938 |
| Juan Breytenbach | Seuns 19 | 1 500 m | 836 |
| | | 3 000 m | 843 |

## MUURBAL

Die uitslae van die eerste twee ligabepalings is as volg:

| Liga-uitslae 1 | | | Liga-uitslae 2 | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Span | Opponent | Uitslae | Span | Opponent | Uitslae |
| Seuns A | Menlopark | 13 – 5 | Seuns A | PBHS | 16 – 0 |
| Seuns B 1 | Menlopark | 16 – 2 | Seuns B 1 | Zwartkop | 6 – 9 |
| Seuns B 2 | PBHS | 14 – 5 | Seuns B 2 | Menlopark | 9 – 7 |
| Seuns D 1 | Seuns D 2 | 5 – 13 | Seuns C | PBHS | 16 – 1 |
| Seuns E | PBHS | 10 – 8 | Seuns D 1 | AHS | 3 – 13 |
| | | | Seuns D 2 | PBHS | 16 – 0 |
| | | | Seuns E | AHS | 5 – 13 |
| | | | Meisies A | Zwartkop | 13 – 6 |
| | | | Meisies B | Eldoraigne | 16 – 0 |
| | | | Meisies C | PHSG | 12 – 3 |

## TENNIS

Die senior meisies se onderskeie liga-uitslae is as volg:

| Liga-uitslae 1 | | | Liga-uitslae 2 | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Span | Opponent | Uitslag | Span | Opponent | Uitslag |
| o. 19A | Garsfontein A | 31 – 36 | o. 19A | Zwartkop A | 36 – 31 |
| o. 19B | Cornwall Hill B | 23 – 44 | o. 19B | Eldoraigne A | 19 – 48 |
| o. 19B | PHSG C | 23 - 44 | | | |

Die topseunspan het die afgelope naweek vir die eerste keer aan die Nelspruit Groot 5-toernooi deelgeneem en algeheel vyfde geëindig. Die uitslae is as volg:

| Ronde | Opponent | Uitslag |
|---|---|---|
| 1 | Nelspruit | 6 – 3 |
| 2 | Ermelo | 7 – 2 |
| 3 | Garsfontein | 5 – 4 |
| 4 | Paul Roos | 2 – 7 |
| 5 | Monument | 5 – 1 |

## RUITERSPORT

Die uitslae is as volg:

| SANESA Gauteng Tshwane-Kwalifiseerder 1 | | |
|---|---|---|
| Ruiter | Dissipline | Plek |
| Louis Verhoef | Dressage Level: Medium | 3de & 4de |
| Kynan van Zyl | Eventing 95 cm | 3de |
| Cyllene van der Merwe | Show jumping 70 cm competition<br>Show jumping 70 cm 2-phase<br>Working riding | 4de<br>4de<br>8ste |
| Daniella de Vries | Show jumping 1 m competition | 3de |

### ERKENNING VAN NIE-SKOOLSPORT

Ons wil graag erkenning gee aan leerders wat uitblink in nie-skoolsportaktiwiteite. U is welkom om enige bewys, inligting en sertifikate aan die Hoof van Sport, mnr Henry Verster, te stuur (hverster@midstreamcollege.co.za).

### BERGFIETS

Nika Nortjé het aan die volgende marathonresies van meer as 40 km deelgeneem en in beide 'n eerste plek in die junior vroue afdeling behaal: XCM Prime View en XCC Pime View.

### SAGTEBAL

Danielle van den Berg is vir die o. 19 nasionale All Stars-span gekies wat later vanjaar na Praag toer.

### SWEM

Nicholas Cownie het die Midmarmyl twee keer geswem. Hy het die eerste keer 35ste geëindig met 'n tyd van 30:22 en die tweede keer 140ste geëindig met 'n tyd van 28:36.

# ALGEMEEN

## SPRINGFEST 2024

Ons is volstoom besig met die beplanning van SpringFest 2024 wat op Saterdag 7 September 2024 sal plaasvind. Indien u bereid is om betrokke te raak en met die organisasie van die fees te help, word u vriendelik versoek om asseblief vir Chantelle Becker te kontak (cbecker@midstreamcollege.co.za).

**KOMMUNIKEER MET ONS:**

www.midstreamcollege.co.za
Midstream College
midstream_college

**VOLGENDE OMSENDSKRYWE:**

Donderdag 7 Maart 2024